**<u>IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA</u>**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Appèl Nr : A38/2005

In die appèl tussen:

**<u>H C ENGELBRECHT</u>** Appellant

en

**<u>DIE PADONGELUKKEFONDS</u>** Respondent

---

**<u>CORAM:</u>** VAN DER MERWE, R *et* C.J. MUSI, R

---

**<u>UITSPRAAK:</u>** C.J. MUSI, R

---

**<u>DATUM AANGEHOOR:</u>** 6 FEBRUARIE 2006

---

**<u>DATUM GELEWER:</u>** 9 FEBRUARIE 2006

---

[1] Hierdie is 'n appèl teen 'n kostebevel wat die landdros Koppies gemaak het tydens 'n hersiening van taksasie deur die klerk van die hof.

[2] Die aansoek om hersiening van taksasie was voor die landdros gebring omdat die appellant beweer het dat hy nie voldoende kennis gekry het van die taksasie en dit derhalwe

nie bygewoon het nie[1].

1. Ingevolge Reël 33 (16) van die landdros howe Reëls moet daar 5 dae kennis gegee word

Die landdros het, nadat daar getuienis aangebied was, die klerk van die hof se taksasie bekragtig en die beswaar van die hand gewys met koste, insluitend reiskoste en reistyd. Die appellant kom nou in hoër beroep slegs teen die kostebevel.

[3] Meneer Cronje, namens appellant, het geargumenteer dat die landdros nie geoorloof was om sodanige kostebevel te maak nie aangesien artikel 81 van Wet 32 van 1944 (die Wet) dit uitdruklik verbied.

[4] Artikel 81 van die Wet lees as volg:

> "Die deur die klerk van die hof verrigte taksasie is aan kostelose hersiening deur 'n regterlike amptenaar van die distrik onderhewig, en die beslissing van so 'n regterlike amptenaar kan te eniger tyd binne 'n maand daarna voor 'n regter van die hof van appèl in hersiening gebring word, soos deur die reëls voorgeskryf."

Aldus meneer Cronje, beteken "kosteloos" gratis en mag die

landdros derhalwe nie ‘n koste bevel maak nie. Ek kan my nie met hierdie argument vereenselwig nie.

[5] Generies beteken “koste” seëls, gelde, koste en onkoste. Koste kan ook slegs na seëls, hofgelde en baljugelde verwys. In **BERGH v KHAMDERA AND SONS** 1924 TPD 560 bladsy 567 stel Mason JP dit as volg:

> “Whilst the word “costs” is frequently used in a general sense as including not only all charges for work done, but also all disbursements, it is sometimes apparently contrasted with disbursements such as stamps, court fees and messenger’s fees…”

Na my mening beteken “kosteloos” in artikel 81 sonder betaling van, onder andere, hofgelde, maar verbied dit nie ‘n landdros om ‘n kostebevel te maak nie. Die voorgeskrewe tariewe maak inderdaad voorsiening vir koste vir verskyning by hersiening van taksasie[2]. Logika dikteer dat die tariewe nie voorsiening sal maak vir koste wat die landdros nie mag toestaan nie. Reël 33(9) magtig die landdros om reistyd en reiskoste by ‘n kostebevel in te sluit[3].

---

2. Sien bylae 2, Deel IV item 8 wat as volg lees:

"8. Verskyning by hersiening van taksasie, vir elke kwartier of gedeelte daarvan in die hof, terwyl hersiening werklik verhoor word… 67.00"

3. Reël 33 (9) lees as volg:

"Waneer dit in enige verrigtinge redelik is vir 'n party om die dienste van 'n ander prokureur as 'n plaaslike prokureur te verkry, kan die hof by bewyslewering daarvan en indien koste aan hom toegeken word, bevel dat sonadige koste die redelike reistyd, reiskoste en verblyfkoste van sodanige prokureur moet insluit soos deur die hof vasgestel: Met dien verstande dat die hof kan bevel dat die vasstelling van sodanige koste deur die klerk van die hof by taksasie gedoen moet word."

[6] Daar is in elk geval voldoende gesag vir die standpunt dat 'n landdros, onder hierdie omstandighede, wel 'n kostebevel kan maak. In **BERG v KHAMDERA** *supra* te bladsy 561 - 563 word die uitspraak van die hof *a quo* aangehaal.
In die hof *a quo* het Stratford R, onder andere, die volgende bevel gemaak

> "I think therefore, costs must be paid by the appellant up to and including the review before the magistrate."[4]

In **ROOIKRUISVERENIGING (OOS KAAP STREEK) v RETIEF** 1981 (4) SA 60 (KPA) te 61 H het Fagan R aanvaar dat die landdros wel 'n kostebevel kan maak. Hy stel dit as volg:

> "'n Hersiening ingevolge Reël 35 (1) van 'n taksasie deur die klerk van die hof is nie 'n appèl nie. Die landdros se magte is

> wyer. Hy mag bevoorbeeld, feite voorgelê ter stawing van 'n item geeis in ag neem alhoewel die feite nooit aan die klerk gestel is nie… 'n Party wat versuim om voldoende feite voor die klerk te lê en die kwessie eers regstel voor die landdros op hersiening, kan klaarblyklik gepenaliseer word deur 'n geskikte kostebevel"

---

4. In Bergh v Khamdera het dit gegaan om 'n hersiening van taksasie ingevolge artikel 78 van Wet 32 van 1917. Die bewoording van daardie artikel is presies dieselfde as die van artikel 81 van die Wet.

Sien ook **<u>CORDINGLEY, N.O. v BP SOUTHERN AFRICA (PTY) LTD</u>** 1971 (3) SA 118 (O) te 120 B – C, **<u>LACHMAN v KOCH</u>** 1956 (4) SA 371 te 374 B – C.

Dit is duidelik dat die argument dat die landdros nie bevoegd was om 'n kostebevel te verleen nie, sonder meriete is.

[7] Omdat die landdros wel 'n kostebevel kon maak ontstaan die vraag of hierdie appèl ontvanklik is. Indien die appellant ontevrede was met die landdros se bevel, inbegrepe die kostebevel, moes hy hierdie hof by wyse van hersiening en nie appèl genader het. Hy moes dus sy onvergenoegdheid aangespreek het deur gebruik te maak van artikel 81 gelees

met Reël 35 van die Landdroshowe Reëls. Sien **<u>ROGOFF v WULFF</u>** 1928 (1) PH F59 bladsy 83 (C) te bladsy 84. Die appellant het dus die verkeerde prosedure gebruik. Die appèl moet na my mening van die rol geskrap word.

[8] Ons het oorweging geskenk aan die respondent se versoek dat ons 'n koste bevel *de bonis propriis* hierin moet maak. Ons het egter daarteen besluit omdat ons van mening is dat die omstandighede van die saak nie so 'n bevel regverdig nie.

[9] **In die omstandighede word die volgende bevel gemaak.**

**Die appèl word van die rol geskrap met koste.**

**C.J. MUSI, R**

Ek stem saam.

**C.H.G VAN DER MERWE, R**

| | |
|---|---|
| Namens appellant: | Adv. P.R. Cronjé<br>In opdrag van:<br>Rosendorff Reitz Barry<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens respondent: | Adv. P.U. Fischer<br>In opdrag van:<br>Naudes<br>BLOEMFONTEIN |

MS